

Roofvoëls en ontwikkelings – vir omgewingspraktisyns



Agtergrond

Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land met 'n ekonomiese groeiteken van 6%. Dit bring mee dat heelwat meer infrastruktuur en geboue opgerig gaan word en meer hulpbronnonttrekking in die toekoms gaan plaasvind. Alhoewel sekere gebiede van die land voorheen nie die teken van ontwikkeling was nie, verander dit soos meer nuwe

minerale ontdek word, nuwe sake-geleenthede geskep word en die grense voortdurend verskuif word. Nuwe ontwikkelings vind toenemend plaas in voorheen natuurlike, landelike omgewings.

Roofvoëls is een van die belangrikste groepe voëls in enige ekologiese gemeenskap, aangesien hulle bo-aan die voedselketting is. Die teenwoordigheid van roofvoëls in 'n gebied toon dat die gebied in wese ekologies gesond is. Vir meer inligting oor die waarde van roofvoëls, sien die Roofvoëlwerkgroep brosjure “Die waarde van roofvoëls”. Alle roofvoëls in Suid-Afrika word beskerm onder die “Regulasies vir Bedreigde en Beskermde Spesies” (TOPS) onder die “Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit” of onder provinsiale wetgewing, CITES, ens.

Vir omgewingspraktisyns is dit noodsaaklik om die uitwerking van hierdie ontwikkelings op ons roofvoëls te verstaan.

Wat beteken ontwikkelings vir roofvoëls?

Nuwe ontwikkelings kan roofvoëls direk of indirek beïnvloed. Dikwels is die direkte impak makliker om te sien, maar die indirekte impak mag oor die lang termyn 'n groter uitwerking hê.

Direkte impakte sluit toenemende roofvoëlsterftes in deur die volgende:

- Botsings met heinings, kraglyne en ander bogrondse strukture
- Doodskok op kraglyne
- Padsterftes
- Toenemende predasie
- Verwydering van neste en kuikens uit neste

Indirekte impakte sluit in:

- Toenemende sturing by roofvoël voedings-, slaap- en veral broeiplekke. Die impak van sturing mag wyer uitkring, aangesien sommige roofvoëls groot woongebiede het.
- Vernietiging van voedings-, slaap- en broeihabitat. Habitatverniëting is gewoonlik beperk tot die gebied van ontwikkeling. Onthou, dat aangesien sekere roofvoëls uitheemse bome gebruik, die vernietiging van hierdie bome vernietiging van habitat beteken – nie baie ontwikkelaars besef dit nie en dink dat hulle die omgewing bevoordeel deur hierdie bome te verwyder (sien die BoPWG brosjure ‘Roofvoëls en uitheemse bome’).
- Veranderinge in spesies se verspreidingsgebiede, prooi of roofdiergetalle.
- Sturings soos ontwikkelings naby broeigebiede.
- Afname in prooi-getalle, soos byvoorbeeld met die vergiftiging van knaagdiers.



Aan die positiewe kant, geboue voorsien nes-maakplekke vir valke en tuine voorsien kos en broeiplekke.

Die impakte op roofvoëls moet in aanmerking geneem word in beide stedelike en landelike gebiede. Dit is belangrik om daarop te let dat beide direkte en indirekte impakte deur beide die oprigtings- en bedryfsfases plaasvind.

Die meeste ontwikkelings benodig meegaande infra-struktuur soos paaie, kraglyne, pypleidings en ander en dit is belangrik om hierdie faktore in jou beoordeling in ag te neem. Dit is ook belangrik om die bykomende impak van ontwikkelings in gedagte te hou.

Wat kan omgewingspraktisyns doen?

Die mees voorkomende wyse om te verhoed dat ontwikkelings 'n impak op roofvoëls het, is om te verseker dat roofvoëlinligting ingesluit word in ruimtelike ontwikkelingsplanne, ontwikkelingsplanne vir munisipale infrastruktuur, strategiese omgewingsimpakstudies, provinsiale bewaringsplanne en ander strategiese beplanning. Dit sal verseker dat roofvoëls so vroeg as moontlik in die beplanningsproses in ag geneem word. Met ander woorde, as roofvoëlinligting vroeg genoeg in ag geneem word, kan “geen ontwikkelingsones” geïdentifiseer word wat dus sal verhoed dat aansoek gedoen word vir ontwikkeling in daardie gebiede.

Die grondslag vir die omgewingspraktisyn se be-oordeling van die potensiële impak van enige gegewe ontwikkeling op roofvoëls, is om betroubare inligting oor roofvoëlverspreiding, -getalle en -habitat – beide teenswoordige en potensiële habitat - en habitatdeurgange te hê. Die beste manier om dit te bereik, is om 'n spesialis voëlkenner aan te stel. Indien nie moontlik nie, kan bruikbare inligting oor roofvoëls in die studiegebied van jou projek by onderstaande lys gevind word.



Potensiële bronne van betroubare inligting oor roofvoëls:

- Die Suid-Afrikaanse Voëlatlas Projek 1 (sien www.birds.sanbi.org of www.birdlife.org.za)
- Die Suid-Afrikaanse Voëlatlas Projek 2 (sien <http://sabap2.adu.org.za>)
- Important Bird Areas project (www.birdlife.org.za)
- NaturalWorld (sien www.natworld.org.za)
- Streeks en plaaslike inligtingsbronne soos die plaaslike voëlklubs en ander belangegroepes
- Die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe (www.ewt.org.za)

Teks deur Jon Smallie; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Toni Pretorius; uitleg deur Africa4U



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506
Webtuiste: www.ewt.org.za

E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)

Roofvoël brosjureprojek gecoördineer deur Mark D. Anderson